**MUNISIPALITEIT BEAUFORT-WES**

**Kennisgewing nr. 59/2004**

**Die Raad van die Munisipaliteit van Beaufort-Wes publiseer die onderstaande Verordening insake Openbare Geriewe van die Munisipaliteit van Beaufort-Wes, vir algemene kennisname.**

## VERORDENING INSAKE OPENBARE GERIEWE

INLEIDING

**AANGESIEN** die Munisipaliteit van Beaufort-Wes ingevolge die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996) wetgewende bevoegdheid het;

**EN AANGESIEN** die Munisipaliteit die reg het om aangeleenthede met betrekking tot Openbare Geriewe onder sy beheer te reel en te reguleer,

Verorden die Munisipaliteit van Beaufort-Wes soos volg:-

### 1. Woordomskrywing -

In hierdie verordening, tensy uit die samehang anders blyk, beteken -

**"kennisgewing"** 'n duidelike en leesbare amptelike kennisgewing in die amptelike tale van die Provinsie of grafiese internasionale teken en wat by elke ingang tot of op 'n opsigtelike plek in, by of op 'n openbare gerief aangebring is, en waarby die Raad bepalings of voorskrifte wat hy ingevolge hierdie verordening aangeneem het, bekend maak;

**"openbare gerief"**

(a) (i) enige grond, plein, kampeerterrein, swembadterrein, openbare oord, ontspanningsgrond, diere-, botaniese- of ander tuin, park of wandelpad, met inbegrip van enige gedeelte daarvan en enige fasiliteit of apparaat daarin of daarop, maar uitgesonderd enige publieke pad of straat, of

(ii) enige gebou, struktuur, saal, kamer of kantoor met inbegrip van enige gedeelte daarvan en enige fasiliteit of apparaat daarin,

wat die eiendom is van, of besit, beheer of gehuur word deur die Raad en waartoe die algemene publiek toegang het, hetsy teen betaling van toegangsgelde al dan nie;

(b) ook enige openbare gerief in paragraaf (a) bedoel, indien dit wettiglik ingevolge 'n ooreenkoms deur 'n ander persoon as die Raad beheer en bestuur word.

**"Raad"** die Munisipale Raad van die Munisipaliteit van Beaufort-Wes, of enige politieke struktuur, politieke ampsbekleër, raadslid, of amptenaar van die Raad, aan wie 'n bevoegdheid of plig ingevolge die bepalings van hierdie verordening gedelegeer of gesubdelegeer is.

**2. Maksimum getal besoekers.**

(1) die Raad kan die maksimum getal besoekers wat op ‘n bepaalde tydstip in of by ‘n openbare gerief aanwesig mag wees, bepaal; met dien verstande dat verskillende getalle vir verskillende openbare geriewe aldus bepaal kan word.

(2) Die getalle in subartikel (1) bedoel, word deur die Raad bekend gemaak by wyse van ‘n kennisgewing.

**3. Toegang tot en verblyf in ‘n openbare gerief.**

(1) ‘n Openbare gerief is, behoudens die bepalings van hierdie verordeninge, oop vir die publiek op die tye wat die Raad bepaal; met dien verstande dat verskillende tye vir verskillende openbare geriewe aldus bepaal kan word.

(2) Geen besoeker mag ‘n openbare gerief binnegaan of verlaat op ‘n ander plek as die wat vir daardie doel aangedui is nie.

(3) Die tye en plekke in subartikel (1) en (2) bedoel, word deur die Raad by wyse van ‘n kennisgewing bekend gemaak.

**4. Toegangsgelde.**

(1) ‘n Besoeker aan ‘n openbare gerief betaal die toegangsgelde wat van tyd tot tyd deur die Raad vasgestel word; met dien verstande dat verskillende toegangsgelde ten opsigte van besoekers van verskillende ouderdomme aldus vasgestel kan word.

(2) Die toegangsgelde in subartikel (1) bedoel, word deur die Raad bekend gemaak by wyse van ‘n kennisgewing.

**5. Oorlaste.**

Geen persoon mag in of by ‘n openbare gerief engieen van die volgende handelinge verrig of toelaat dat dit verrig word nie -

(a) die gebruik van taal of die verrigting van enige ander handeling wat daarop bereken is om die goeie orde te versteur;

(b) die afvuur van vuurwapens, windbukse, windpistole, vuurwerke of die gebruik van rekkers, slingervelle of katapulte;

(c) die verbrand van rommel of vullis;

(d) die veroorsaking van onaangename of aanstootlike reuke;

(e) die verwekking van rookoorlaste; of

(f) die veroorsaking van steurings deur bakleiery, geskree, getwis of gesing of die bespeling van musiekinstrumente, of die gebruik van luidsprekers, radio-ontvangstoestelle, televisiestelle of soortgelyke toerusting.

**6. Gesondheidsaangeleenthede.**

Geen persoon mag in of by ‘n openbare gerief -

(a) enige vullis, afvalstof, materiaal of enige stof of ding stort, laat val of neersit of toelaat dat dit gedoen word, behalwe in ‘n houer wat vir daardie doel in of op die gerief verskaf is nie;

(b) op enige wyse die water in enige bad, swembad, dam, spruit, rivier of waterloop besmet of besoedel nie;

(c) in enige bad of swembad gaan nie terwyl hy of sy aan ‘n besmetlike of aansteeklike siekte ly of oop wonde aan die liggaam het nie;

(d) enige handeling verrig wat die gesondheid van enige besoeker aan ‘n openbare gerief kan benadeel nie.

**7. Strukture.**

Geen persoon mag sonder die voorafverkreë skriftelike toestemming van die Raad enige struktuur, skerm of enigiets anders, behalwe die parkering van ‘n woonwa of tent wat vir kampeerdoeleindes opgerig is op ‘n terrein wat spesifiek by kennisgewing daarvoor afgesonder is, in of op ‘n openbare gerief oprig of aanbring nie; met dien verstande dat aansoek om sodanige toestemming minstens 21 dae voor sodanige parkering of oprigting by die Raad op ‘n vorm wat vir daardie doel verskaf word, gedoen moet word.

**8. Drank en voedsel.**

(1) Geen persoon mag in stryd met ‘n bepaling van ‘n kennisgewing enige alkoholiese of enige ander drank of enige voedsel van welke aard ook al in ‘n openbare gerief inbring nie.

(2) Behoudens die bepalings van subartikel (1), mag geen persoon op, in of by ‘n openbare gerief in stryd met ‘n bepaling van ‘n kennisgewing enige voedsel van welke aard ook al gaarmaak of voorberei nie, behalwe op plekke wat vir so ‘n doel by kennisgewing afgesonder is; met dien verstande dat die voorbereiding en gaarmaak van voedsel in of by ‘n openbare gerief op ‘n skoon en sanitêre wyse moet plaasvind sodat dit nie aanleiding gee tot buitensporige rook of ander oorlaste, of enige gevaar vir die gesondheid inhou nie; met dien verstande voorts dat geen lewendige diere, pluimvee of visse op, in of by ‘n openbare gerief doodgemaak of afgeslag mag word nie.

**9. Diere.**

(1) Geen persoon mag enige lewendige dier, voël, vis of pluimvee in ‘n openbare gerief inbring nie behalwe ooreenkomstig voorskrifte van die Raad; met dien verstande dat verskillende voorskrifte ten opsigte van verskillende openbare geriewe en verskillende soorte diere, voëls, visse of pluimvee aldus bepaal kan word.

(2) Die voorskrifte in subartikel (1) bedoel, word by wyse van kennisgewing bekend gemaak.

**10. Leeglêery.**

Geen persoon mag in 'n openbare gerief bedel, leeglê, rondslenter of vertoef met die doel om ongemagtig daar te woon of slaap nie.

**11. Gebruik van openbare geriewe.**

(1) Geen persoon mag sonder die toestemming van die Raad, of in stryd met enige voorwaarde wat die Raad by die verlening van sodanige toestemming mag oplê, in of by 'n openbare gerief -

(a) 'n openbare vermaaklikheid reël, aanbied of bywoon nie;

(b) geld of enige ander goedere vir liefdadigheid of enige ander doel van die algemene publiek insamel nie;

(c) enige pamflet, plakaat, skildery, boek, strooibiljet of enige ander gedrukte, geskrewe of geskilderde werk vertoon of versprei nie;

(d) enige vergadering reël, hou, toespreek of bywoon nie;

(e) 'n openbare byeenkoms of optog, uitstalling of uitvoering reël, hou of bywoon nie;

(f) enige ambag, beroep of besigheid bedryf nie;

(g) enige ware of artikel uitstal, verkoop of verhuur of te koop of te huur aanbied nie;

(h) 'n veiling hou of bywoon nie;

(i) teen vergoeding waarsêery beoefen nie.

(2) By die toepassing van hierdie verordening beteken "openbare byeenkoms of optog" 'n byeenkoms of optog van 12 of meer persone en wat nie deur provinsiale of nasionale wetgewing reguleer word nie.

(3) Toestemming in subartikel (1) bedoel, word geweier indien die Raad van oordeel is dat -

(a) dit aanleiding sal gee tot -

(i) openbare oproer;

(ii) openbare rusverstoring;

(iii) die pleeg van 'n misdryf;

(iv) die verrig van 'n onwelvoeglike daad;

(b) dit skadelik vir die publiek of die verbruikers van of besoekers aan die openbare gerief sal wees; of

(c) dit skadelik vir die betrokke openbare gerief sal wees.

(4) ‘n Persoon wat die skriftelike toestemming van die Raad vir enige handeling in subartikel (1) bedoel, verlang, moet minstens 21 dae voor sodanige handeling skriftelik op die vorm wat vir die doel voorsien word, by die Raad aansoek doen.

**12. Veiligheid en orde.**

(1) Geen persoon mag, behoudens subartikel (2) in of by ‘n openbare gerief -

(a) enigiets binne so ‘n gerief beskadig of ontsier nie;

(b) enigiets binne so ‘n gerief gebruik of poog om dit te gebruik vir ‘n ander doel as waarvoor dit bestem of by kennisgewing bepaal is nie;

(c) ‘n vuur aansteek of vleis braai nie, behalwe op ‘n plek wat vir daardie doel by kennisgewing aangedui is;

(d) enige brandende of smeulende voorwerp weggooi nie;

(e) enige rots, klip of voorwerp van enige berg, koppie, skuinste, krans of wal gooi of afrol nie;

(f) enige boom, plant, struik, gewas of blom uittrek, pluk of beskadig nie;

(g) hom ‘n onbehoorlike, onfatsoenlike, oproerige, geweldadige of onbetaamlike wye gedra nie;

(h) ‘n steurnis veroorsaak nie;

(i) ‘n voertuig was, poleer of herstel nie; met dien verstande dat die voorgaande bepalings van hierdie subparagraaf nie van toepassing is op die noodherstel van ‘n voertuig nie;

(j) in ‘n blombedding loop, staan, sit of lê nie;

(k) enige dier, voël of vis doodmaak, beseer, agtervolg, pla, mishandel of vang of ‘n voëlnes of eiers verplaas, versteur, vernietig of verwyder nie;

(l) in stryd met ‘n bepaling van ‘n kennisgewing op gras loop, staan, sit of lê nie;

(m) op ‘n bank of sitplek lê of dit op so ‘n wyse gebruik dat ander gebruikers of voornemende gebruikers dit onmoontlik vind om daarvan gebruik te maak nie;

(n) op speelparktoerusting speel of sit nie, behalwe indien die betrokke persoon ‘n kind onder die ouderdom van 13 jaar is; of

(o) in stryd met ‘n bepaling van ‘n kennisgewing in ‘n visdam, spuitfontein, stroom of vyver swem, loop of speel nie.

(2) Die Raad kan by wyse van kennisgewing enige van die handelinge in subartikel (1) bedoel, en onderworpe aan die voorskrifte wat die raad nodig ag en in die kennisgewing vermeld, magtig.

**13. Water.**

Geen persoon mag in of by enige openbare gerief enige waterbron of watertoevoer misbruik, besmet of besoedel, of water vermors nie.

**14. Wasgoed en skottelgoed.**

Geen persoon mag in of by 'n openbare gerief enige skottelgoed of wasgoed was of klere uithang nie, behalwe op plekke wat vir daardie doel by 'n kennisgewing aangedui is.

**15. Voertuie.**

(1) Geen persoon mag enige vragmotor, bus, motorkar, motorfiets, motordriewiel, fiets of enige ander voertuig, vaartuig of vliegtuig hetsy by wyse van meganiese, dierlike, natuurlike of menslike krag aangedryf, in 'n openbare plek inbring nie, behalwe ooreenkomstig die voorskrifte van die Raad; met dien verstande dat verskillende voorskrifte ten opsigte van verskillende openbare geriewe en verskillende sodanige voertuie, vaartuie of vliegtuie aldus bepaal kan word.

(2) Die Raad kan die snelheidsgrens wat van toepassing is in 'n openbare gerief bepaal; met dien verstande dat verskillende snelheidsgrense ten opsigte van verskillende openbare geriewe en verskillende sodanige voertuie, vaartuie of vliegtuie aldus bepaal kan word.

(3) Die voorskrifte in subartikel (1) bedoel en die snelheidsgrens in subartikel (2) bedoel, word by wyse van kennisgewing deur die Raad bekend gemaak.

**16. Spele.**

Geen spel van welke aard ook al mag in of op 'n openbare gerief gespeel of bedryf word deur enige persoon of persone nie, behalwe op die plekke wat vir daardie doel by kennisgewing afgesonder is en ooreenkomstig die voorskrifte van die Raad wat by wyse van kennisgewing aldus bekend gemaak word.

**17. Onbetaamlike en onwelvoeglike gedrag.**

Geen pesoon mag in of by 'n openbare gerief -

(a) 'n daad verrig wat na die mening van die Raad, onwelvoeglik is of hom op onbetaamlike wyse gedra deur blootstelling van sy persoon of andersins, of onbetaamlike gebare maak of iemand uitlok of aanspoor om 'n wanordelike of onwelvoeglike daad te verrig nie;

(b) liederlike, onkuise, vuil of onfatsoenlike taal besig nie;

(c) 'n liederlike of onsedelike figuur, geskrif, tekening of voorstelling skryf, verf, teken of op enige wyse maak nie;

(d) ontlas, urineer of ontklee nie behalwe in 'n gebou of op 'n perseel wat vir daardie doel bestem of by kennisgewing aangedui is, of 'n toiletgerief wat vir lede van die teenoorgestelde geslag bedoel of as sodanig by kennisgewing

aangedui is, binnegaan of gebruik nie.

**18. Kleredrag.**

'n Besoeker aan of 'n gebruiker van 'n openbare gerief moet te alle tye in die openbaar welvoeglik geklee wees.

**19. Bevoegdhede van 'n persoon in beheer.**

'n Persoon wat deur die Raad aangestel is om beheer oor 'n openbare gerief uit te oefen, kan -

(a) in 'n openbare gerief te eniger tyd enige plek, grond, perseel of gebou betree en aldaar ondersoek instel ten einde vas te stel of die bepalings van hierdie verordeninge nagekom word;

(b) vir die beter uitoefening van enige bevoegdheid, of die uitvoering van enige funksie of plig aan hom verleen of opgedra, 'n tolk saamneem wat, terwyl hy onder die wettige bevel van so 'n persoon optree, dieselfde bevoegdhede, funksies en pligte as so 'n persoon het.

**20. Strafbepalings.**

Enige persoon wat -

(a) 'n bepaling van hierdie verordeninge, of van enige bepaling of voorskrif kragtens hierdie verordeninge deur die Raad aangeneem en by kennisgewing bekend gemaak, of van 'n voorwaarde kragtens so 'n verordening opgelê, oortree of versuim om daaraan te voldoen, ongeag of sodanige oortreding of versuim elders in hierdie verordeninge tot 'n misdryf verklaar is, al dan nie;

(b) enige persoon in die uitoefening van enige bevoegdheid of die uitvoering van enige plig of funksie ingevolge 'n bepaling van hierdie verordeninge opsetlik dwarsboom, hinder of belemmer; of

(c) valse, onjuiste of misleidende inligting verstrek wanneer hy ingevolge 'n bepaling van hierdie verordeninge aansoek om die toestemming van die Raad doen,

is skuldig aan 'n misdryf.